

BEKENDSTELLING: PROF. HANS DU PLESSIS

DEPARTEMENT AFRIKAANS-NEDERLANDS

\*\*\*\*\*

Hans Georg Wilhelm du Plessis is op 15 Januarie 1945 in Pretoria gebore. Hy word groot op Silvertown en besoek die Silvertownse Laerskool. Hy matrikuleer in 1962 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria.

Na sy skoolopleiding gaan hy na die Universiteit van Pretoria en behaal die graad BA. Hierna hou hy skool vir ses jaar, die grootste gedeelte daarvan aan die Evanderse Hoërskool.

Met deeltydse studie aan Unisa verwerf hy agtereenvolgens UCD, Honns.BA (met lof), MA (Met lof) en aan die einde van 1975 die graad D.Litt. et Phil. in die Afrikaanse Taalkunde. In 1971 word die Magisterbeurs deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken en in 1976 ontvang hy die Senior Beurs van die RGN waarna hy die VSA besoek en aan die Universiteit van Harvard en aan die MIT studeer.

Hy word in Januarie 1972 aangestel as dosent vir Afrikaanse Taalkunde aan Unisa en is sedert Julie 1977 Senior Lektor vir Afrikaanse Taalkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Afgesien van 'n tiental vakartikels, 'n sintaksisboek en verskeie boekresensies, het daar in 1978 ook 'n digbundel, Kleinwild, van hom verskyn.

Hy is in 1968 getroud met Magdaleen Potgieter en drie seuns is uit die huwelik gebore.

\*\*\*\*\*